Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 18/2025

31 Oktober 2025

## Van die skoolhoof

*Liewe GSDP-gemeenskap*

**Reformasieherdenking: 'n Geloofsgetuienis**

**Romeine 1:17: "Die regverdige sal uit die geloof lewe."**

Vandag, 31 Oktober, vier ons Hervormingsdag. As skoolgemeenskap dink ons met dankbaarheid terug aan die gebeure van 1517, toe Martin Luther sy 95 Stellings teen die deur van die Slotkerk in Wittenberg vasgespyker het. Dit was nie bloot 'n historiese gebeurtenis nie, maar 'n keerpunt in die wêreldgeskiedenis – 'n oomblik wat die koers van die kerk en die samelewing vir altyd verander het.

Luther se stellings was veral gemik teen die aflaathandel, 'n praktyk waarin mense geglo het dat hulle deur geldelike bydraes vergifnis vir sondes kon bekom. Die Roomse leer van die vagevuur het groot vrees by mense ingeboesem, en die idee dat mens self jou sondes kon "afkoop" het vir baie 'n aanloklike oplossing geword. Kerke het gou besef dit is 'n winsgewende stelsel, maar dit het die hart uit die evangelie gehaal.

Luther was diep bedroef dat soveel mense, wat nie self die Bybel kon lees nie, mislei is. Sy dapper optrede was 'n getuienis van geloof en van die krag van God se Woord. Teen vrees, teen gesag en teen die mag van mense het hy bly staan, omdat hy geweet het: slegs God se Waarheid kan werklik bevry. Die woorde uit Romeine 1:17 het sy lewe verander, en daarmee saam die van die wêreld.

Hy het die groot waarheid van die Reformasie herontdek: Sola gratia: uit genade alleen. Geen menslike verdienste of daad kan ons red nie; slegs Christus, wat volkome versoening vir ons bewerk het. Tog roep hierdie genade ons ook tot 'n lewe van bekering en geloof, waar ons daagliks in gehoorsaamheid aan God wandel.

Ook ons skoolgemeenskap staan op hierdie fondament. Hervormingsdag is dus vir ons meer as net 'n les in geskiedenis, dit herinner ons aan ons roeping In ons klaskamers, op die speelterrein, by die huis, oral waar ons leef en werk, wil ons getuig van Christus se genade. Onderwys is nie bloot die oordra van kennis nie, maar die vorming van harte wat weet: "Ons leef uit die geloof alleen."

Laat vandag se herdenking ons herinner dat die Reformasie nie in 1517 geëindig het nie. Ons reformeer steeds daagliks terug na God se Woord, in ons denke, ons dade en ons leefwyse.
Soli Deo Gloria – aan God alleen die eer

*Vriendelike groete*

Saskia Meijer



**Huissport 2026**
Hulp as beamptes word nog benodig. Indien u graag wil betrokke raak, kontak asseblief vir mev Janine Heikens (084 644 5923).

## Beplanner

- **31/10:** Hervormingsdag
- **31/10:** LS Kookkompetisie
- **5/11:** Atletiek: Afrigtingskursus vir beamptes
- **6/11:** HS Eksamen begin
- **6/11:** LS Kuns en kultuuraand
- **6/11:** LS Gr.4-7 Kunsuitstalling

**Datums vir 2026:**

- **17/01:** Huissport - te HTS John Vorster
- **22/01:** Laerskool atletiek te Eduplex
- **29/01:** Laerskool atletiek te Queenswood
- **6/02:** Hoërskool atletiek te Maragon
- **14/02:** ICO-atletiek te Oos-Moot (GSDP is gasheer)

SKOOL-LIED

# Het jy geweet?

**Waar kom ons skoollied vandaan?**

Elke Maandagoggend, wanneer ons saam in die saal vergader vir week-opening, weerklink ons skoollied deur die skool — ’n lied wat die hart van ons **skoolgemeenskap** verwoord. Die hoërskool sing dit ook met trots tydens die vlaghysing op Vrydae. Dit is inderdaad ’n besonderse mooi skoollied wat diep in ons geskiedenis gewortel is. Maar waar kom dit vandaan?

Om die ontstaan van ons skoollied te verstaan, moet ons eers weet waar ons skool self vandaan kom. Die Gereformeerde Skool Dirk Postma is ’n **onafhanklike skool** in die hartjie van die Moot (Pretoria), gestig deur ouers uit die plaaslike gemeenskap. Hulle het ’n droom gekoester om ’n reformatoriese skool te stig waar kinders Bybelse onderrig en opvoeding kon ontvang by onderwysers wat hul roeping met oorgawe uitleef. Hierdie droom het in 1987 ’n werklikheid geword — met 42 leerlinge en drie onderwysers wat die eerste, klein maar getroue tree gegee het op die terrein van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar.

Teen **1995** het die personeel die behoefte uitgespreek om ’n eie skoollied te hê wat tydens openinge en spesiale geleenthede gesing kon word. Na goedkeuring van die skoolbestuur is met die projek voortgegaan — ’n projek wat uiteindelik iets baie kosbaars aan ons skoolgemeenskap geskenk het.

Die woorde van die skoollied is geskryf deur **Dirk en Hanneke Das**, destyds ouers van die skool, met waardevolle bydraes van **mev. Geeske le Grand** (bekende Nederlandse digteres, onder haar skrywersnaam Geeske Wiersma, en lidmaat van GK Die Kandelaar) en **dr. Gerhard-Mark van der Waal** (historikus, en ook lidmaat van GK Die Kandelaar, later na Nederland geëmigreer).

Die Das-egpaar is vandag nog steeds by ons skool betrokke — nou as trotse oupa en ouma van leerders. Die musiek is gekomponeer deur prof. Henk Temmingh, wat die woorde getoonset het op ’n variasie van die melodie van **Psalm 1** — die Psalm waarop sowel ons skoollied as skoolwapen gegrond is.

En só sing ons elke week nie net ’n gewone skoollied nie, maar ’n lied wat getuig van ons **geskiedenis, geloof en roeping**.

Volgende keer gesels ons meer oor die lied se inhoud en betekenis.

# Belangrike datums vir 2026. Teken dit solank aan:



**January 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 01 | 02 | 03 |
| 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**February 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 |
| 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |

**March 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 |
| 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

**April 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 01 | 02 | 03 | 04 |
| 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | | |

**May 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 01 | 02 |
| 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |
| 31 | | | | | | |

**June 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 |
| 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | | | | |

**July 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 01 | 02 | 03 | 04 |
| 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

**August 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 01 |
| 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 |
| 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

**September 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 |
| 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |

**October 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 01 | 02 | 03 |
| 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**November 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 |
| 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | | | | | |

**December 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 |
| 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | |

| Public and School Holidays 2026 | |
|---|---|
| 01 January | New Year's Day |
| 21 March | Human Rights Day |
| 03 April | Good Friday |
| 06 April | Family Day |
| 27 April | Freedom Day |
| 01 May | Workers' Day |
| 15 June | Special School Holiday |
| 16 June | Youth Day |
| 09 August | National Women's Day |
| 10 August | Public Holiday |
| 24 September | Heritage Day |
| 16 December | Day of Reconciliation |
| 25 December | Christmas Day |
| 26 December | Day of Goodwill |

Weekends
School days
Special school holidays
Days for administration
Public holidays
School holidays

**SUMMARY OF 2026 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS**

| Term | Duration | No. of weeks | No. of days | No. of public holidays | Actual no. of school days |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (12) 14 January – 27 March | 11 | 53 (55) | 0 | 53 (55) |
| 2 | 08 April – 26 June | 12 | 58 | 3+1 | 54 |
| 3 | 21 July – 23 September | 10 | 47 | 1 | 46 |
| 4 | 06 October – 09 (11) December | 10 | 47 (49) | 0 | 47(49) |
| Total | | 43 | 205 (209) | 4+1 | 200 (204) |

- Skool heropen vir leerders: **14 Januarie 2026**
- Skool sluit vir leerders: **26 Maart 2026** (GSDP het langer vakansie)
- Skool heropen vir leerders **13 April 2026**
- Skool sluit vir leerders: **26 Junie 2026**
- Skool open vir leerders: **21 Julie 2026**
- Skool sluit vir leerders: **23 September 2026**
- Skool heropen vir leerders: **6 Oktober 2026**
- Skool sluit in Desember vir leerders: **3 Desember 2026**. Let wel hul skryf nog 'n laaste vraestel op 3 Desember.

## HELP ONS om ons BANE TE BESKERM

1. Slegs tekkies of skoene met sagte sole (geen tokse).
2. Slegs water in plastiekbottels.
3. Geen glasbottels.
4. Geen kos (veral kougom), koeldrank of ysies.
5. Geen troeteldiere.
6. Toeskouers of spelers mag nie aan die nette hang nie.
7. Spelers mag nie aan die doelhokke hang of teen netbalpale opklim nie.
8. Geen damp- of sigaretrook in en om die bane.
9. Geen skaatsplanke, fietse of rolskaatse in en om die bane.

Ons is dankbaar vir ons mooi veeldoelige **astrobane**, maar hierdie bane verg 'n bietjie ekstra versorging om mooi te bly.

Leerders sowel as onderwysers en ouers, vergewis julself net weer van die **reëls** rondom die gebruik van hierdie bane.

## WELKOM BY Gereformeerde Skool Dirk Postma

- **BESKERM** ons veilige omgewing.
- **GEEN** rook of damprook.
- **GEEN** drank of dwelms.
- **GEEN** wapens of gevaarlike voorwerpe.
- **GEEN** gedrag wat ander in gevaar stel.
- **KINDERS** se veiligheid kom eerste.

*U betree 'n rookvrye, wapenvrye sone, oortreders kan vervolg word.*

Regulasies in terme van SA Skolewet 86 van 1996

U sal sien dat ons by elke **toegangshek** op hierdie terrein so 'n bordjie aangebring het. Hierdie sigbare regulasies is in terme van die **Suid-Afrikaanse Skolewet 86 van 1996**.

Ons is ook verplig om dit sigbaar op ons terrein aan te bring. GSDP streef na die skep van 'n veilige omgewing vir kinders. Neem dus kennis van die **bepalings**.

MY DIFFERENCE W GET BACK GIVE BACK

### My School

Neem asseblief kennis dat die My School-projek wat GSDP ondersteun voortaan as **My Difference** bekend sal staan. Dit is steeds dieselfde projek, nou net onder 'n ander naam.

### Nuwe WhatsApp-groep: Postma Hande

Ons skool is geseën met 'n **pragtige terrein** en 'n baie bekwame terreinbestuurder en span wat daagliks sorg dat alles netjies en veilig bly. Tog duik daar van tyd tot tyd kleinerige onderhoudstake op, dinge wat vinnig aandag benodig of waar 'n ekstra hand baie sal help.

Ons wil graag 'n **WhatsApp-groep** vir gewillige ouers begin wat graag 'n verskil wil maak deur hand by te sit waar moontlik. Die groep se doel is bloot om sulke take onder lede se aandag te bring — sonder enige verpligting — en dalk is daar dan iemand met die regte gereedskap of vaardigheid wat kan inspring om te help.

As jy handig is met verf, houtwerk, tuinwerk of net graag wil help waar jy kan, kan jy aan die skoolhoof 'n boodskap stuur wat jou op die groep sal voeg! Ons is **dankbaar** vir elke paar hande wat aanmeld.

Postma Hande

Postma Hande
WhatsApp group

# Boekenhout Boekwinkel

Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES



## Jou Eenstopwinkel vir Skool, Studies en Lekker lees!

*By ons kry jy:*

Christelike boeke.

Waterstroomreeks: Christelike skoolhandboeke

Bybelstudiehandleidings.

Lekkerlees- en jeugboeke om jou verbeelding te voed.

Handboeke en studiemateriaal.

BB

Boekenhout Boekwinkel

012 332 3227 boekenhout.aros.ac.za Starkeylaan 1249, Waverley, Pretoria

# Kleuterskool

**Belangrike datums**


**13 November:** Graad 1-kuierdag
**20 November:** Gradeplegtigheid
**21 November:** Waterdag
**27 November:** Kuierdag vir nuwe kleuters (16:00-17:00)



# Word deel van Dirkieland se 2026-ouerkomitee

**Help om die juffrouens se hande te versterk en projekte aan te pak.**

## Ons help by:



- Opedae
- 2-3 koffiestalletjies per jaar
- Kuieraand
- Gr.R-gradeplegtigheid
- Etes by 3 oueraande
- Werksdag
- Juffrou-geskenkies

## Fondsinsamelingsprojekte:



- Pouse-verkopings
- Die Wit Olifant-verkoping
- Atletiek-en sportstalletjies

## Vorige projekte:



- Die houtklimraam
- 2 x wendy-huisies
- Die fietsiebaan

**Ons hou slegs 1 keer per kwartaal vergadering vanaf 18:00-20:00**

*Word deel en help om ons kleuterskool op te kikker en te verbeter!*

**Kontak Innecke Dednam indien u betrokke wil raak by 081 750 6468.**

# Laerskool

**Belangrike datums**

**6 November:** Kuns en kultuuraand
**6 November:** Gr 6 verkoop heerlike kos t.b.v. die veldskool 2026
**14 November:** Graad 7-afskeid









# Hoërskool

## Bybelvasvra

Baie geluk aan ons **Bybelvasvraspanne** van die hoërskool wat onderskeidelik **eerste** en **tweede plek** in die afdeling vir hoërskole nasionaal behaal het. Hierdie kompetisie word al die afgelope 46 jaar deur die **Rapportryersbeweging** aangebied.

Ons is dankbaar dat ons in ’n land leef waar hierdie geleenthede nog in vryheid aangebied word. Verder is ons ook nederig dankbaar vir hierdie mooi prestasie. Baie dankie aan **juf Lientjie Drijfhout** wat hul afgerig en begelei het.






# Hoërskool

## Tafeltennis

Ons is op soek na ’n **afrigter** vir tafeltennis vir **2026**. Die seisoen strek vanaf **Februarie tot Mei**, en oefeninge vind een keer per week plaas. Kontak vir **juf Petra van der Veen** as u bereid is om te help met afrigting, of weet van iemand wat kan help.

## Eksamen

Sterkte met die leerlinge wat eersdaags begin met eksamen. Die graad 10- en 11-leerlinge begin op **Donderdag 6 November** skryf. Die graad 8- en 9-leerlinge het nog **Donderdag 6 en Vrydag 7 November** gewone klasse. ’n Spesiale rooster sal aan hul uitgedeel word vir hierdie twee dae. Daar gaan ook drie ure ingeruim word vir ’n **studiekursus**, om die leerlinge weer te help met studiemetodes.

## Sosiale drag

Ons doen ’n beroep op ouers om seker te maak leerlinge dra die korrekte sosiale drag op **Vrydae.** Ons wil veral vra dat ouers van dogters sal toesien dat hul sosiale drag se **kortbroeke** nie te styf of te kort is nie. Indien leerlinge nie eerskomende Vrydag reg geklee is volgens die skoolreëls nie, sal die hoërskool nie gedurende die eksamentyd op Vrydae mag sosiale drag dra nie.



# ABAKUS WISKUNDE BREINONTWIKKELING



Mini Genius 3 +

Kids Genius 5 +

A+ STUDENTS
Genius Mathematics

- Leerders kry 'n liefde vir Wiskunde
- Verbeter fotogeniese brein funksies
- Ontwikkeling van groot - en fynmotoriese spiere
- Verbeter probleemoplossing
- Bou goeie selfvertroue
- Verbeter konsentrasie
- Ontwikkeling van hoofrekene

**Rachelle Freeman 0749560796**

---

## JUFFROU RACHELLE

**074 956 0796**

Wiskunde hulp by jou skool!

Is Wiskunde 'n uitdaging?
Ek is hier om te help!

Vir Graad R - Graad 7 leerders.

Kurrikulum Wiskunde klasse BY JOU SKOOL


Ons werk hand aan hand met die skool se onderwysers én assesseringsprogramme elke kwartaal.
Fokus: Deeglike inoefening van konsepte, herhaling van die week se werk, en hulp met huiswerk.

Resultaat: Selfvertroue en beter begrip in Wiskunde! Skryf nou in en sien die verskil!

Juffrou Rachelle - BEd Grondslagfase Graad,
Honneurs in Leerderondersteuning en
abakus Wiskunde aanbieder vanaf 2016

Luistervink Stories

**Oudioboek**




230+ boeke om te luister

**www.luistervinkstories.co.za**

# Hervormingsdag aanbieding:

***Luister gratis na***
***TWEE KLEIN VLUGTELINGE – 'n storie van 'n hugenote gesin se vlug uit Frankryk na die herroeping van die Edik van Nantes.***

***Gaan na***
***www.luistervinkstories.co.za***

***Kies***
***Luistervink Demo***
***op die tuisblad kieslys.***

***Volg die proses om 'n profiel met jou epos adres en eie wagwoord te skep.***
***Geniet die storie gratis!***
***Dis een vir die hele gesin.***



# Any Computer, internet, WiFi help and upgrades.

## PR COMPUTERS



Call us today

**0826915793**

**Ons praat jou taal!**



# Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Grade 10 to Grade 12 Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Graad 8 tot Graad 12 Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 8 to Grade 12 Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK

PLEASE VISIT

HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA

HELENA - 0845103373

HV.VERWEY@GMAIL.COM

# Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-
SKOOLFONDS

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-
BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2025 te wees.**

